# Ruach Bediening Nuusbrief

September 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand ..... 1
2. Gebedsterapie sessies in Augustus 2024 ..... 2
3. Getuienisse ..... 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ..... 2
   a. Hoekom gebeur daar slegte dinge met goeie mense? ..... 2
   b. Hoekom gebeur dit met my? ..... 3
   c. God is goed ..... 4
   d. Watte ..... 4
5. So terloops .... ..... 5
   a. Strykyster ..... 5
   b. Huwelik seremonie ..... 5
   c. Narsis ..... 5
6. Beplanning vir volgende maande ..... 6
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ..... 6
8. Bybelskool ..... 7
9. Afsluitings Gebed ..... 7

## 1. Gedagte vir die maand



**Romeine 13:14**

Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

## 2. Gebedsterapie sessies in September 2024

| | |
|---|---|
| 65 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 4 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 38 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 7 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 20 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 31 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 165 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk:  Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**Getuienis 1**: Ek het gister 'n pos by 'n nuwe firma in Kaapstad aanvaar. Baie dankie vir al Oom se gebede en intree.

**Getuienis 2:** So baie dankie vir gister, Sarel. Dit is altyd so wonderlik om by jou te kuier en 'n stukkie van die hemel te ervaar.

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Hoekom gebeur daar slegte dinge met goeie mense?



Hoekom voel dit asof ons lewe aakliger is, nadat ons tot bekering gekom het? Hoekom is die versoekings nou groter? Wel, satan haat jou, omdat jy Jesus gekies het en nie hom nie! Tweedens, wie sal jy aanval, wanneer jy in 'n oorlog is, die wat vir jou is of die wat teen jou is? Ek en jy is in 'n geestelike oorlog.

Die Woord sê: Efesiërs 6:12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. Nou die goeie nuus, Jesus het gekom sodat ons in oorwinning kan leef ten spyte van die storms van die lewe! Jy bly op aarde, wat binne in die vyand se kamp is. Jesus het jou kom werf vir hom. So jy is soos 'n geheime agent in 'n vreemde land. Jesus gee jou spesiale vaardighede om die vyand te verslaan en rondom jouself 'n bonatuurlike skerm te bou, waarteen sy vyandige pyle totaal en al nutteloos is. Dit is asof jy 'n onsigbare skerm rondom jou het wat niks en niemand kan binnedring nie! Dit is die Bloed van Jesus Christus.

Jou geheime 007 taak is om die ander gevangenis vry te laat. Die woord van God sê in Lukas 4:18 Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur. Jy is ontsettend spesiaal vir God. Hy het 'n bonatuurlike roeping op jou lewe geplaas. Jy is gemaak tot eer en verheerliking van God. Jou

taak op aarde is om visse vir Jesus te vang. Jou werk is om jou mede reisgenote in die wêreld te help. Jou taak is om die goeie nuus te bring, blindes te laat sien en verdruktes vry te laat! Soms is die een wat die goeie nuus nodig het, die blinde en die verdrukte, jy self.



Nou is jou vraag: Wie gaan my help met hierdie enorme taak?
Die antwoord: Die Heilige Gees!
Dit begin alles met 'n keuse: Here, help my.

Stap 1: Jy gee jou hart aan Jesus.
Stap 2: Ek onderwerp my hele lewe, volkome en totaal en al aan die leiding van die Heilige Gees! Jy sien, jy het alreeds die Heilige Gees as geskenk ontvang, die dag toe jy jou lewe oorgegee het aan Jesus. MAAR: Hy kan jou alleenlik help om werklik vry te word, indien jy totaal en al aan Sy leiding onderwerp. Hy help jou op die pad van vrymaking en heiligmaking. Hy help jou om in volkome Vryheid te kan leef! Johannes 8:32 en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."



## b. Hoekom gebeur dit met my?

Wat gee die vyand toestemming? – Trauma, Sonde en Bloedlynvloeke. Psalm 74:3-7
Ons is gebou sodat die Heilige Gees binne ons kan wees, so nou is daar gedurig 'n stryd tussen Lig en duisternis. Wat gebeur dan – oorlog! Dit kan al in die baarmoeder begin – kill, steal and destroy.
Hierdie goed word ons stuurwiel in ons lewe. As ons dan die goed in ons het, hoe kom ons ontslae van dit? Deur gebed en vas. Ons moet die Here Jesus vra om hierdie donker wolke en beheer oor ons te breek. Psalm 46:3"Daarom sal ons nie vrees nie, al wagel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see." Vers 6 "God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek."
Ons moet die tye verstaan 1 Kronieke 12:32 "en van die seuns van Issaskar, met die kundige insig wat die tye betref, om te weet wat Israel moet doen;...."
Ons moet los kom van die demosie beheer – 1 Petrus 3:15 "maar heilig die Here jou God in julle harte..."
Daar sal oorlog rondom ons wees, maar ons weet wie ons aanbid. Ons sal nie vrees nie, ons weet met wie ons, ons olie lampe vul sodat ons die Lig kan uitdra in die wereld. Jou lewe sal getuig van wie binne jou is – sodat jou getuienis vandag mense se lewens aanraak en jy ook daardeur lewe en voorsiening ontvang.
Om deur dit te kom, moet ons die ou lewe afle. Vra Hom om jou Skeppings doel te openbaar, sodat Sy Heilige Gees binne jou kan begin werk en jy dan in jou Skeppings doel kan begin lewe.

**Handeling 27 – Paulus word na Rome gestuur. Die storm op die see.**
In vers 10 waarsku Paulus dat die reis gevaarlik gaan wees.
Vers 29 "en omdat hulle bang was dat hulle miskien op rotsagtige plekke kon strand, het hulle van die agterskip **VIER** ankers uitgegooi en gewens dat dit dag word."
Storms het die manier om God te wanvoorstel aan jou.
Storms se nie vir jou wanneer hulle kom nie.
Storms het 'n verval datum.



Wat beteken die VIER ankers?
1) Die anker van God se teenwoordigheid
2) Die anker van God se belofte
3) Die anker van gebed
4) Die anker van die plan van God

*(kyk Retha McPherson- 29/06/2018, God has a beautiful design for our temples)*

## c. God is goed



Dit was die aand van 24 September 1954 op ‘n plaas naby Schweizer-Reneke. Ek was toe 13 jaar oud. Laataand het ek wakker geword en mense hoor huil en kerm in die sitkamer. Dit was my ouers. My broer, Tom Berning (kyk foto), was saam met drie studentevriende op pad huis toe vir ’n kort vakansie. Vriende van my ouers het kom sê daar was ’n ongeluk - Tom is op slag dood. Dit was verskriklik om my ouers so te sien huil. Ek onthou hoe my pa snikkend gesê het: “Om te dink my seun is in die lykshuis ...”. Dit was 10 dae voor Tom se 21ste verjaarsdag. Hoe verwerk mens so iets? Nie maklik nie. Daarvan sal baie mense kan getuig.

’n Mens sou dink dat so iets gelowiges se vertroue in God sal skaad; dat hulle sal voel dat God hulle in die steek gelaat het. Hulle het tog gebid dat die Here hulle mense moes bewaar en beskerm, en nou dit. Waar was God toe dit gebeur het? Dit is verstommend dat presies die teenoorgestelde dikwels gebeur. In sulke omstandighede loop die kinders van God nie van Hom af weg nie. Hulle kom soek juis by God vertroosting. In plaas van ’n skeiding tussen hulle en God, word die verhouding intiemer, die belewing van sy liefde meer intens. Dit is ’n reaksie wat ons nie mooi kan verstaan nie, omdat dit nie in pas is met hierdie wêreld nie. Dit word bevestig deur Jesus toe Pilatus Hom vra of Hy die Koning van die Jode is en Hy antwoord: **My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie (Joh. 18:36).**

Die Jode het die Messias verwag as ’n aardse koning wat vir hulle as ’n volk bevryding sou bring. Maar Jesus was totaal anders. Hy is gebore in ’n stal. Kort daarna moes sy ouers met hom na Egipte vlug, want koning Herodes wou hom doodmaak. Hy is uitgekryt as ’n vraat en wynsuiper, en ’n vriend van tollenaars en sondaars **(Matt. 11:19)**. Hy het twaalf dissipels gehad, een het Hom verraai, ’n ander het Hom verloën. Hy is gegèsel, gekruisig en begrawe. Sy dissipels was verdwaas. Maar ná sy koms sou die wêreld nooit meer dieselfde wees nie. Die jaartal sou ná sy koms geskryf word as “voor Christus” en “na Christus”. Sy volgelinge is oor alle grense, volke en tale versprei. Hy het uit die dood opgestaan as Koning oor alle konings, en Hy sal weer kom. Jesus het ‘n verskil gemaak omdat Hy God is wat mens geword het en onder ons kom woon het. Hy was bestem om die Uitgeworpene te wees, sodat ons kinders van ons hemelse Vader kan wees. Hy is die Een wat in ons plek vir ons sonde betaal het sodat ons met God versoen kan word. Jesus leef - daarvan getuig sy kinders uit ervaring al vir meer as 2000 jaar.

God beloof dit wat nie van hierdie wêreld is nie. **Soos ‘n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is. Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van ’n veldblom wat oopgaan: as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg. Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte (Ps. 103:13 – 17).**



Deur die genade van God laat sak die gebroke kind van God sy gebalde vuis en kom hy met leë hande vertroosting soek by God. Hy sê weer: GOD IS GOED!

**God, dankie vir u liefde vir my in Jesus. Ek weet dat, wat my omstandighede ook al is, U lief is vir my. Wat ook al met my gebeur, goed of sleg, U sal altyd by my wees. Amen.**

*Gratis e-pos en/of WhatsApp boodskappe twee-weekliks van gertberning@gmail.com. Gert Berning by https://sites.google.com/view/Gert-berning-sites, YouTube en Christelike Lektuurfonds.*

## d. Watte

As Christene kan ons leer uit die manier waarop *watte* in die sorg vir wonde gebruik word, om deernis, sagtheid en liefde te toon aan mense wat in pyn verkeer. Ons moet sag en deernisvol

wees wanneer ons met mense omgaan wat deur pyn en swaarkry gaan. Sagmoedigheid is een van die vrugte van die Gees (Galasiërs 5:22-23). Ons moet sensitief wees vir ander se pyn en met liefde en geduld optree. Ons is geroep is om mekaar te dien in liefde (Galasiërs 5:13). Net soos Jesus Sy dissipels se voete gewas het in 'n daad van nederigheid en liefde, so moet ons bereid wees om ander met sagmoedigheid te dien. Soms neem genesing tyd. So kan ons geduldig saam met mense stap wat deur pyn gaan. Ons hoef nie altyd oplossings te bied nie, maar ons kan daar wees om hulle te ondersteun en aan te moedig terwyl hulle genesing vind. Op hierdie manier herinner watte ons daaraan dat ons geroep is om instrumente van liefde, troos en genesing te wees in die wêreld.

*(Hannes Page Dag 29 Geskenk : Watte)*

## 5. So terloops ....

### a. Strykyster




### b. Huwelik seremonie

Toe die predikant met die huwelikseremonie begin, kom hy gou agter dat die bruidegom so dronk is dat hy nie deur sy oë kan sien nie. Die predikant vererg hom en fluister vir die taamlik onaansienlike bruid: 'Vat hom hier weg en kry hom eers nugter. Dan sal ek met die troue voortgaan!' 'Maar Dominee,' protesteer sy, 'As hy nugter is sal hy nie kom nie...'

### c. Narsis



## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881



**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Hemel Koning, Here God, U is Almagtig en verhewe bo elke mens en elke planeet. Here, U is die Begin en die Einde. U is die groot "Ek is". Here, dankie dat ons die keuse kan maak om van hierdie oomblik af vorentoe, volkome toegewy aan U te kan leef. Here, ons word so moeg om te veg. Ons is soms so moeg om al die wapens te gebruik, maar dit lyk asof ons besig is om die stryd te verloor. Here, ons word soms so moedeloos teen die aanslae van die bose, dat ons sommer wil handdoek ingooi. Dankie Here, dat U vandag vir ons wys! Daar is hoop en 'n uitkoms. Daar is 'n pad van oorwinning. Dankie Jesus dat U ons so liefhet, dat U ons nie alleen agtergelos het op aarde nie. Dankie Vader, vir die kosbare geskenk van die Heilige Gees. Heilige Gees, Here, ek neem U vandag aan as my beste vriend en helper. Here, ek gee elke aspek van my lewe totaal en al oor aan U. Here, salf my vir alles wat U my geroep het om te wees. Here, besny my liggaam, siel, hart, gees en verstand, sodat ek volkome aan U gewy kan wees. Ek verklaar dat ek vandag my hele wese oopmaak om al U seëninge te kan ontvang volgens Efesiërs 1:3. Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! U het my in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. Vader God, laat U wil vir ons lewe geskied en laat alles in ons lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid.

In Naam van Yeshua, Jesus Christus, my Verlosser en Koning.

Amen

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God